10 Mei 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

## 1 Petrus 2: 2-10

## ons storie

ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Wie is die mense wat jy as jou steunpilare sal bestempel?

## word stil

Lees Psalm 31: 1-5, 15-16

Dink na oor hoe die Here vir jou 'n rots en 'n bergvesting is.

## GOD se storie

wat sê die Bybel

Lees saam

1 Petrus 2: 2-10

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie

gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Om gelowige te wees is 'n reis waarop ons voortdurend groei en leer (vers 2-3). Hoe doen ons dit? Hoe kan julle mekaar help?
- Die beelde wat Petrus gebruik wys dat ons nie net individue is nie nie, ons is stene, 'n priesterdom, 'n volk en nasie van God. Wat leer ons hieruit? Op watter maniere leef ons dit uit? Wat is ons rol as individuele gelowiges?

noustrs

praktiese wysheid...

- Gesels oor wat dit beteken om God se uitverkore volk te wees. Is dit 'n ereposisie? Gaan dit oor seëninge of verantwoordelikhede?
- Watter rol speel sy wonderbare lig in jou lewe? Waar en hoe sien jy daagliks God se wonderbare lig in ons wêreld deurbreek?
- Wat leer ons in die gedeelte oor kerkwees?
- Verander hierdie teksgedeelte vir jou die waarde wat jy in God se oë het? Hoekom en hoe?

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Op watter praktiese maniere kan julle die verlossingsdade verkondig?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**